

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

GESKIEDENIS V1

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – BURGERREGTEBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig word om brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord TWEE vrae soos volg:

Ten minste EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees, en ten minste EEN (1) moet 'n opstelvraag wees.
5. Candidates are advised to spend about an hour on each question.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: HOE HET DIE SKEPPING VAN NUWE INVLOEDSFERE DIE SPANNING VAN DIE KOUE OORLOG LAAT TOENEEM TUSSEN DIE UNIE VAN SOVIET SOSIALISTIESE REPUBLIEKE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA NA 1945?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, definieer die konsep, *kommunisme*. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Wat, volgens Marx was met kapitalisme verkeerd? (1 x 1) (1)
- 1.1.3 Verduidelik Stalin se houding teenoor kapitalisme in die konteks van die Koue Oorlog in Europa. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Gee TWEE redes waarom Stalin opofferinge van die Sowjet mense gevra het. (2 x 1) (2)

1.2 Gebruik Bron 1B.

- 1.2.1 Wat, volgens die bron, was die twee bedreigings wat Churchill genoodsaak het om die 'Ystergordyn' toespraak te lewer? (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Waarom, volgens Churchill wou Rusland sy invloedsfeer in Europa verbreed het? (1 x 1) (1)
- 1.2.3 Verduidelik of jy Churchill se toespraak as bevooroordeel beskou. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

- 1.3.1 Volgens die Bron, noem DRIE maniere wat as oplossings vir die ekonomiese situasie in die Europese lande sal dien. (3 x 1) (3)
- 1.3.2 Waarom het die VSA gedurende die Koue Oorlog in Europa betrokke geraak? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Hoe, volgens die bron, het die VSA verwag om kommunisme te beveg? (3 x 1) (3)

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar oor met betrekking tot Stalin se houding omtrent die Marshall-plan? (2 x 2) (4)

1.4.2 Identifiseer wat die sekel en hamer simboliseer op die agterkant van Stalin se hemp. (1 x 2) (2)

1.4.3 Gebruik die inligting in die bron, jou eie kennis en verduidelik waarom Stalin die 'wedstryd' as 'n verdediger gespeel het. (2 x 2) (4)

1.4.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die naam van die programme te noem wat Stalin gebruik het om die Marshall-plan te beveg. (1 x 2) (2)

1.5 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1D verskil van Bron 1C met betrekking tot die konflik tussen Sowjetunie en die Verenigde State Amerika. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die skepping van invloedssfeer die Koue Oorlog spanning tussen die USSR en die VSA na die Koue Oorlog verhoog het. (8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET KUBA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG GERAAK?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Watter TWEE redes volgens die bron, het Deutschman aangevoer om te verduidelik waarom Kuba by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Identifiseer enige DRIE argumente in die bron, wat Risquet aangevoer het, waarom Kuba in Angola betrokke was om die MPLA-regering te ondersteun. (3 x 1) (3)
- 2.1.3 Wie, volgens die bron, was die leier van die Angolese regering in 1975? (1 x 1) (1)
- 2.1.4 Hoe, volgens Risquet, het die Sowjetunie en die Kubane saam gewerk om die Angolese regering te ondersteun? (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

- 2.2.1 Waarna verwys Castro as hy praat van, "Afrika bloed vloei vrylik deur ons are"? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Teen watter TWEE oorsese lande het Kuba die MPLA-regering verdedig? (2 x 1) (2)
- 2.2.3 Verduidelik waarom Castro geglo het dat dit die Kubane se plig was om die nuwe (MPLA) regering te verdedig. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

- 2.3.1 Wat impliseer Kaunda se beskrywing van die Sowjetse en Kubaanse betrokkenheid in Angola oor die verhouding tussen hierdie twee lande? (2 x 2) (4)
- 2.3.2 Watter rede het Voster aangevoer waarom Angola NIE 'n onafhanklike swart Afrikaanse land (staat) is NIE? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik waarom Vorster geglo het dat die Kubaanse teenwoordigheid 'n bedreiging vir Suid-Afrika was. Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die bron. (2 x 2) (4)

- 2.4 Bestudeer Bronne 2B en 2C. Verduidelik waarom die twee bronne verskillende standpunte met verwysing na Kuba se teenwoordigheid in Angola weergee. Gebruik bewyse uit beide bronne in jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2D.

2.5.1 Watter twee visuele bronne van inligting in die bron help ons om die twee oorsese lande as Kuba en die Sowjetunie te identifiseer. (2 x 1) (2)

2.5.2 Watter boodskap wil die spotprenttekenaar oordra oor Kuba en die Sowjet-unie se betrokkenheid in Afrika? Ondersteun jou antwoord met verwysing na die visuele leidrade. (2 x 2) (4)

2.5.3 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor Kuba se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die verskillende redes **identifiseer** en **verduidelik** waarom Kuba in die Angolese Burgeroorlog betrokke was. (8)
[50]

VRAAG 3: WAT WAS DIE BELANGRIKHEID VAN DIE LITTLE ROCK NEGE IN DIE STRYD OM DIE DESEGREGASIE VAN DIE SKOLE IN DIE VSA?

Bestudeer bronne 3A, 3B, en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 1A.

- 3.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die Afro-Amerikaanse studente geïntimideer was. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Waarom dink jy was die Afro-Amerikaanse studente deur die Nasionale Garde (Wag) weggevoer? (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Hoe, volgens die bron, het die President gereageer toe die student weer deur die Nasionale Garde weggevoer was? (2 x 1) (2)
- 3.1.4 Waarom dink jy het die wit skare die Afro-Amerikaanse joernaliste aangeval? (2 x 2) (4)
- 3.1.5 Watter bewyse uit die bron stel voor dat die Nasionale Garde en die polisie nie ten gunste van integrasie van Central Hoërskool was nie? (3 x 1) (3)
- 3.1.6 Verduidelik of die aksies van die polisie geregtig kan word. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Definieer die begrip *integrasie* in die konteks van die stryd vir burgerlike regte in die VSA. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Waarom, volgens die bron, het Martin Luther King President Eisenhower geprys? (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Na watter historiese gebeurtenis verwys Martin Luther King in sy telegram? (1 x 1) (1)
- 3.2.4 “Die pen van geskiedenis sal aanteken dat die klein en misleidende minderheid wat integrasie met geweld teengestaan het sal moet sien dat julle aksie tot groot voordeel van ons nasie is.” Verduidelik die akkuraatheid van die stelling. (2 x 2) (4)
- 3.2.5 Wat vertel King se telegram oor sy houding teenoor die gebruik van geweld? (1 x 2) (2)
- 3.2.6 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir ’n geskiedkundige wie die gebeure wat ontvou het by Little Rock Nine bestudeer.. (2 x 2) (4)

3.3 Vergelyk Bronne 3A en 3B. Verduidelik hoe President Eisenhower en Generaal Faubus gereageer het tot die Little Rock Nine gebeurtenis. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3C.

3.4.1 Watter historiese gebeurtenis word in die foto gewys? (1 x 2) (2)

3.4.2 Verduidelik die belangrikheid van die Little Rock Nine insident in die stryd vir burgerlike regte in die VSA. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van AGT reëls (omtrent 80 woorde) verduidelik die belangrikheid van die Little Rock Nine in die stryd vir skool desegregasie. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae van die afdeling. Jou opstel moet omtrent DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

- 4.1 Verduidelik tot watter mate die VSA suksesvol was in die Viëtnamese Oorlog. Gebruik relevante historiese bewyse van die periode 1965 tot 1975 om jou antwoord te ondersteun.

[50]**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

- 5.1 Vergelyk en krities bespreek die politieke suksesse en uitdagings wat die Kongo en Tanzanië het na onafhanklikheid ervaar.

[50]**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

- 6.1 “Die enigste manier waarop ons die wit mense gaan weerhou daarvan om ons healtyd te piets is deur oor te neem. Van nou af is ons spreekwoord Swart Mag!”

Assesseer die waardigheid van die stelling deur te verwys na die rol en impak van die Swart Magbeweging in 1960.

[50]**TOTAAL: 150**

